# DIE SWART LUIPERD

No. 53

## Prinses van die Arende



MEIRING FOUCHE

Op dieselfde oomblik toe die inboorling oor die kant stort, gryp August Scharf na die punt van die boomstam. Dit is egter te laat. Met 'n skielike knarsing glip dit oor die blink kant van die rots en die volgende oomblik steier die Duitser agteroor, los 'n uitroep en slaan sy hande voor sy oë.

Op daardie selfde oomblik toe die punt van die boomstam oor die kant van die rots glip, is die Swart Luiperd nog 'n goeie drie voet van die anderkanste kant van die afgrond af waarheen hy hom probeer terughaas het toe hy sien hoedat die inboorling sy dood probeer bewerk.

Die Luiperdman voel met ontsteltenis hoedat die boomstam skielik ruk, skeef swaai na onder, en toe sluit hy sy oë om te wag op die dood wat so gewis op hom wag hier in die verafgeleë bergskeur. Daardie skreeu van die inboorling weerklink nog in sy ore en hy weet dat hy op die punt staan om dieselfde weg te volg.

Stofomslag: Chris du Plooy

# DIE SWART LUIPERD

No. 53

## Prinses van die Arende

R1,50
a.v.b. uitgesluit



MEIRING FOUCHE

## INHOUD

Hoofstuk .................................... Bladsy

1. Die Arende Draai .......................... 3

2. Vreemde Ontdekking .......................... 12

3. Stryd teen die Kranse .......................... 20

4. Verlore Meisie .......................... 29

5. Geheim van die Oeloeti .......................... 38

6. Skoot oor die Vlakte .......................... 47

7. Agtervolging .......................... 55

8. Die Afgrond .......................... 64

9. Die Slange Wag .......................... 73

10. Monster in die Vuurlig .......................... 82

Hoofstuk 1

# DIE ARENDE DRAAI

Die groot, sterk man met sy bruingebrande liggaam rus heerlik op die grasryke oewer hier langs die bergstroom. Hy laat hom koester deur die vroeë oggendson wat nou eers oor die ysingwekkende kranse skyn. Sy oë is gesluit en sy liggaam het verslap in die heerlike rus. Hy het so pas in die helderskone poel hier onder hom geswem en nou voel sy liggaam fris en vars, vol krag en daadlus. Hierdie is die natuur soos hy dit liefhet. Hierdie is voorwaar 'n paradys. Hierdie is die diepste, diepste oerwoud van Sentraal-Afrika en hierdie bepaalde plek is die skoonste wat hy nog ooit gesien het. Hierdie is die wêreld van die wilde lotus, van die maanblom, van die skone klimop wat sy blomme soos sterre aan die wêreld vertoon. Hierdie is die omgewing van pragtige bosreuse wat hul trotse krone hoog in die sonlig opstoot. Dit is die wêreld hierdie van helder bergstrome, fantastiese kransemassas wat opskiet totdat dit lyk asof hulle die son self aanraak. Die landstreek van diep donker onontdekte klowe. Ja hierdie is die wêreld van geheimenis van skoonheid, 'n versluierde wildernis waar die mens nog selde spore getrap het. Dit is die vryheidsland van die dier, van die oerwoudbewoners—olifant, swart luiperd, leeu en reusagtige reptiel.

Die lang man maak weer 'n slag sy oë oop en betrag sy omgewing. Hy is 'n dapper man maar hy is ook 'n wakker man, want hy het al geleer dat die swerweling deur die oerwoud altyd wakker moet wees. Dit is nou al 'n paar dae dat hy hier rus en van die skoonheid geniet. Dit is 'n paar dae wat hy vir homself toegeëien het om niks te doen nie behalwe te rus, voordat hy sy reis deur die onbekende en byna onbegaanbare oerwoud voortsit. Maar snaaks, vanoggend is dit die eerste maal asof iets hom prikkel, asof daar iets is wat veg om sy aandag te trek. Dit is asof daar 'n krieweling in sy wese is, 'n roersel wat hom effens onrustig maak,

en wat sy wakkerheid verskerp.

Nou luister hy weer na die hoë skreeu van die bergarend. Dit kom fyn en ver deur die stilte en dit is byna soos 'n weerkaatsing bo die sagte murmeling van die bergstroom wat hier verby vloei.

'n Bergarend . . . daardie skreeu is 'n snaakse skreeu vir 'n bergarend dink die lang man. Hy ken die geluid van daardie groot voëls baie goed. Daarom weet hy dat daardie skreeu wat hy nou net gehoor het, 'n opgewonde skreeu is. Nie sommer die doodgewone vreugdelied wat 'n bergarend die sonlig binnestuur wanneer hy op sy sekere vleuels hoog bo die vlakte, hoog bo die kranse of ver bo die donker kloof op die lugstroming ronddraai nie. Daardie skreeu wat hy nou net gehoor het, is 'n opgewonde geskreeu—miskien van woede.

Meteens dring dit tot hom deur dat dit nie 'n afgesonderde geskreeu is wat hy hoor nie. Dit is 'n byna volgehoue geskreeu. Hoog, tartend en volgehoue. Toe weet hy dat dit nie net een arend is wat skreeu nie. Met 'n slag kom dit tot hom dat dit 'n hele koor is. Dit is ver en onduidelik maar tog hoorbaar.

Hy sit meteens orent en toe besef hy dat iets van betekenis tot hom deurgedring het. Hy merk dit ook aan die houding van sy twee mak tiers wat daar by die dik stam van die Anaboom gehurk sit. Hulle roer hul ore senuweeagtig, hulle draai hul koppe luisterend. En in hul oë gloei 'n vreemde opmerksaamheid. Hulle het ook daardie besonderse geskreeu van die arende gehoor, dit weet hy nou. Hy wag dus nie langer nie. Hy staan op, rek sy liggaam uit en stap onder die verste takke van die boom uit. Hy staan luisterend daar en toe soek sy oë teen die kranse op. Teen die oorweldigende massas op wat loodreg opstrek hier van onder af tot daar bo waar die son 'n goue glans oor hul skaars waarneembare kruine slinger. Hierdie is nie kaal kranse nie. Hier en daar gee hulle 'n smal terras waar bome, struike en oerwoud-klimop hul wande versier. Dit lyk byna asof die woud hier uit die soliede klip groei.

Noukeurig flits sy oë van die een plek na die ander teen die hoë rotsmassas op. Die geskreeu van die bergarende kom iewers bo





van hierdie kranse af—dit weet hy nou.

Skielik gee hy 'n kort laggie. Hy aanskou 'n nuwe wonder van die natuur. Hy sien die arende eindelik, maar hulle is so ontsettend hoog teen die kranse op dat hulle hiervandaan byna lyk soos heuningbye wat voor hul nes ronddwarrel. Hy stoot sy hande oor sy oogbanke om hulle te beskerm teen die sterk glinstering van die sonlig en hy betrag daardie toneel 'n bietjie noukeuriger. Daar is 'n hele klomp arende daar bo teen die kranse en hulle fladder opgewonde daar. Dan skiet een na die krans toe en gee byna onmiddellik weer pad. Dan word dit opgevolg deur 'n ander wat dieselfde toertjie uithaal. So fladder en dwarrel hulle daar rond hoog bo die afgrond, 'n opgewonde, doelbewuste spul. Dit is nie sommer speletjies waarmee hulle daar besig is nie. Daar is iets wat hul belangstelling gaande hou. Iets wat hulle blykbaar probeer aanval.

Die kragtige man wat hier staan met sy hande oor sy oë begin sy afleidings maak. Ja daar is iets wat hulle teister en aanval. Dit is nie iets kleins nie, want dan sal daar nie soveel arende wees wat elke slag op die krans toeskiet nie. Dit kan onmoontlik 'n berghaas of 'n das of 'n bokkie of iets van dié aard wees. Nee, die prooi wat hulle daar probeer verower, moet veel belangriker wees as dit. Miskien 'n jong tier wat die arende se gebied binnegedring het. En tog, hy kan nie glo dat dit die geval is nie. Hy kan kwalik glo dat 'n uitgeslape tier hom in daardie gevaarlike situasie sou waag.

Nou wel, dink hy, laat dit nou maar wees soos dit wil. Hy gaan seker nie die moeilike reis teen hierdie kranse op waag om te gaan uitvind waarom 'n klomp bergarende so opgewonde geraak het nie. Vir al wat hy weet, is dit 'n verdwaalde luislang wat hom die woede van hierdie gevaarlike voëls op die nek gehaal het. En hy is bepaald nie bereid om hier op te klouter en sy lewe te waag net ter wille van 'n luislang nie.

Hy is net op die punt om daardie doenigheid van die bergarende aan die vergetelheid prys te gee, toe 'n snaakse ver-

skynsel met 'n slag sy verskerpte aandag in beslag neem. Daar bo het nou iets buitengewoons gebeur. Hiervandaan het dit gelyk byna soos 'n soort ontploffing. Hy sien net vere waai, of so lyk dit altans hiervandaan, en toe bemerk hy hoedat een van die arende sommer blindelings uit die bondel wegbreek, snaaks en onvas van die krans af wegvlieg en toe soos 'n bondel vere voor die kranse afstort, pylreguit in die afgrond af. Hiervandaan is dit duidelik dat daardie arend gevrek het òf op die punt toe hy begin neerstort het òf miskien onmiddellik nadat hy van die krans af padgegee het. Die reuse-voël kom swaaiend en draaiend na benede gestort en dit kom val so naby die toeskouer tussen die bome in dat hy duidelik die gefluit van die wind deur die voël se vere kan hoor. Hy kan duidelik sien hoedat die voël in sy val op sy rug gedraai het.

Sonder om twee maal te dink, swaai die man weg en draf tussen die bome in in die rigting waar hy die bergarend sien neerstort het. Hy hoef ook nie honderd jaar te soek nie toe kry hy by die groot voël in die mik van 'n laaghangende tak waar dit uiteindelik tot stilstand gekom het. Die lang man haal die voël uit die mik, lê hom op die grond neer en begin hom ondersoek. Dit is 'n reusagtige mannetjies-arend hierdie. Hy is die soort wat 'n groot man se dood kan kos, as hy nie versigtig is nie. Daardie groot snawel en die moorddadige kloue is genoeg om enige mens die skrik op die lyf te jaag. Hy ondersoek die lang nek en vind dat dit op verskeie plekke gebreek is. Dit beteken egter niks. Dit kan van die val wees.

Dit is toe hy die arend op sy pens draai dat hy iets gewaar wat hom van skok en verbasing orent laat ruk. Hom verdwaas en verwonderd omhoog laat staar na die plek waar die ander arende nog steeds swaai en draai en skreeu.

Half onder die regtervlerk, en meer na die rug se kant, sit 'n kort pyl in die arend se liggaam. 'n Pyl wat blykbaar die voël se ingewande sodanig beskadig het dat dit hom in sy vlug laat sterf het. 'n Pyl! 'n Das of 'n haas of 'n luislang of selfs 'n jong tier kan nie met pyle skiet nie! Dan is dit 'n mens wat so deur daardie arende geteister word. 'n Mens wat blykbaar in sy wanhoop 'n pyl





afgeskiet het. Afgeskiet het? Nee dit kan ook nie wees nie. As hierdie pyl afgeskiet was, sou dit baie sekerlik deur die liggaam van die bergarend gedring en anderkant uitgesteek het. Maar hierdie pyl het die arend se lyf nie meer as 'n paar sentimeter binnegedring nie. Dit besef die lang man toe hy die pyl uitruk en na die vlymskerp punt daarvan staar.

'n Mens, dink hy verdwaas. Watter mens sou daar hoog bo teen die kranse teen die arende veg? Dit is tog 'n ongehoorde ding om te doen. Die man wat dit probeer, is voorwaar 'n dwaas.

Maar dwaas of nie dwaas nie, toe die lang man van die bergarend af omdraai, weet hy dat sy rustyd op 'n einde is. Dit is nie elke man se werk om teen daardie bloeddorstige voëls aan die lewe te bly nie. Veral nie daar hoog bo die kranse waar die getalle van die voëls gedurig sal aangroei nie.

Hy haas hom terug na sy kampplek onder die groot boom. Hy begin hom vinnig aantrek. En toe hy klaar aangetrek het, het hy die liggaam van 'n mens maar die kop van 'n tier. Want hy is die Swart Luiperd, die Suid-Afrikaanse natuurliefhebber wat deur die oerwoude van Afrika swerf op soek na kennis en avontuur. Soos hy daar staan, is hy nou 'n skrikwekkende verskynsel—groot, kragtig, met twee lang sterk bene, twee ontsaglik breë skouers, 'n nek byna soos dié van 'n os en twee arms wat krag genoeg het om dit selfs vir 'n gorilla moeilik te maak. Hy raap sy boog en pylekoker op. Swaai die boog om sy skouer, bind die pylekoker om sy lende. Sy groot swart hings, Donker, wei los op die heerlike soetgras hier langs die water. Sy twee mak tiers, Simson en Spikkels, het opgestaan en kyk afwagtend na hom. Die Luiperdman is vandag egter nie van plan om hulle altwee met hom saam te neem nie. Hy sal net vir Spikkels saamneem sodat die wyfie hom kan help beskerm teen die bergarende. Op tweede gedagte besluit hy egter om ook nie vir Spikkels saam te neem nie. Daar is nou wel baie rotslyste teen die kranse op, selfs smal terrasse, maar die moeilikheid is om van een terras na die ander en van een lys na die ander te beweeg. Dit is waar Spikkels se posisie onmoontlik sal

word. Daarom beduie hy vir altwee sy tiers om by die kamp te bly en vir ou Donker op te pas. Hy voel-voel of sy jagmes in die skede is en toe is hy met 'n paar lang hale oor die klippe oor die stroom tot aan die voet van die kranse.

Met behendige hale bestyg hy die eerste krans. Die kransmuur is rof en daar is baie vashou- en vastrapplek. Buitendien hang daar baie klimop-toue teen die kranse af. Daarmee styg hy vinnig na bo, van die een terras na die ander. Dan beweeg hy weer met 'n terras skuins na bo tot waar dit by 'n ander terras aansluit, dan kom hy weer met dié terug, steeds hoër en hoër. Voor hom die loodregte kranse. Agter hom die stil, dodelike afgrond. Toe hy na 'n rukkie afkyk na waar sy kamp lê, lyk die yslike bome dáár onder klein en petiterig. Hoewel hy goed weet dat hulle daar is, kan hy sy diere nie gewaar nie. Die bergstroom lyk soos 'n fyn silwerlint wat tussen die bome deur swaai.

Die Luiperdman vertoef egter nie om die natuurskoon te bewonder nie. Hier ver bokant hom is die een of ander menslike wese blykbaar besig om om sy lewe te veg teen daardie bloedluste arende wat elke keer op die aanval inswaai. Hy klouter en klim van die een terras na die ander. Hier en daar waar die terrasse ver van mekaar geleë is, moet hy versigtig teen die loodregte kranse uitklouter soos 'n opregte Alpynse bergklimmer. Maar die greep van sy sterk hande en die trap van sy voete is seker en sekuur. Hy trek homself nie op voordat hy nie seker gemaak het dat die klip of rotspunt waaraan hy vashou, sterk genoeg is om sy gewig te dra nie.

Dit is 'n uitputtende werk hierdie en hy voel eindelik hoedat die kramperige pyne deur sy spiere roer. Hy veroorloof homself egter geen verademing nie want hy weet dat sy koms die verskil tussen lewe en dood kan maak vir daardie onbekende persoon wat hier bo besig is om teen die arende te veg. Toe hy halfpad teen die kranse uit is, is hy egter genoodsaak om eers asem te skep. Toe hy afkyk en om hom heen kyk, is dit vir die Luiperdman asof hy skielik bo 'n pragtige towerland verskyn het. Ver onder hom lê die





oerwoud soos 'n sagte groen tapyt wat wegstrek tot in die oneindige waar die bergreekse in diep purper is en waar riviere bloot 'n dun blink band is wat wegkronkel na kontreie wat in geheimenisse gehul is. Alles lê roerloos daar, sonder die minste teken van lewe. Selfs nie eens 'n strepie rook breek op die groen see van bos en boom uit nie. Alles het versteen in skoonheid soos dit nog altyd deur al die eeue heen was.

Hy swaai weer om na die krans en begin klim. Bo is die geskreeu van die bergarende al soos 'n sieklike refrein in sy ore. Duidelik, skel, dreigend en bloeddorstig. En toe hy eenkeer op 'n rotslys uitkom, val die groot skaduwee van een van die roofvoëls betekenisvol oor sy hande. Hulle het hom nog nie gewaar nie en daaroor is hy dankbaar. Hulle kan die wêreld vir hom baie onaangenaam maak hier waar hy teen die kranse uitklouter. As 'n paar van hierdie verderflike voëls jou pak, moet jy veg so al wat jy kan, anders is dit klaargekom. Een troos wat hy het, is dat sy skouers en sy kop beskerm word deur sy tiermasker, maar hy weet ook dat as hulle hom goed beetkry, hulle kapabel is om sy masker skoon van sy kop te skeur.

Hoër en hoër worstel hy. Hierdie strawwe klim is 'n kwaai uitdaging vir sy kragte, maar met blinde vasbeslotenheid, sy kake opmekaar geklem oorwin hy die moegheid en styg hy hoër en hoër na die steeds harder wordende gekras van die aanvallende arende. Nie lank nie of hy begin die sagte geswiep van hul vlerke hoor. Die suising van wind deur die vere soos hulle bo die afgrond swaai.

Op 'n smal terras teen die kranse gaan hy eers weer staan en kyk op. Ja as hy nou begin, sal dit die laaste skof wees na die geheimsinnige plek waarop hierdie roofdiere van die lug elke keer toeskiet en dan weer wegswaai. Daarom sny die Swart Luiperd een van die sterk dik wortels van die bergklimop wat hier omlaag hang, sny dit met sy jagmes die regte lengte en byt dit tussen sy tande vas. Toe begin hy verder klim.

En hy het nog skaars begin klim toe een van die vyandige voëls hom gewaar. Hy skiet manhaftig op die Luiperdman toe maar hy is

vir sy aanvaller gereed. Hy hou met sy linkerhand vas en met sy regterhand slaan hy met die klimopwortel 'n dodelike, goedgemikte hou. Toe hy slaan, is die arend so naby dat hy die geel vlamme in die voël se oë sien. Hy slaan hom egter 'n hou oor sy kop wat hom skreeuend en fladderend in die afgrond laat afstort.

Hiervandaan vorder hy stadig. Elke keer moet hy eers 'n arend afweer voordat hy verder kan klim.

'n Paar meter onder die plek waarop die arende konsentreer is daar 'n betreklike breë terras teen die krans. Hier groei selfs 'n paar bome en gras. Hier gaan die Swart Luiperd staan en stel hom opsetlik bloot sodat die aanvallers hom kan gewaar. Hy weet dat hy iets sal moet doen of anders sal hulle vir hom die wêreld baie warm maak as hy hoër klim. Hulle kan hom so oorval dat hy glad nie instaat is om verder te klim nie. En hy is nie in die luim om deur 'n klomp kwaadaardige arende sodanig verwond te word dat hy later weens bloedverlies miskien te swak is om weer die berg af te kom nie.

Maar sy taktiek werk. Toe hy hom daar blootstel op die terras, stort sommer 'n paar met die swiepende vlerke op hom af. Hy spring na die kant van die krans, plant sy voete ver uitmekaar en wag hulle in. Met die sterk klimopwortel maai hy onder sy aanvallers. Die arende is so verwoed dat hulle totaal onverskillig is. Hulle storm sommer blindelings in en die een wat instorm, kry 'n doodhou van die Swartluiperd. 'n Paar wat blykbaar al moeg geworstel is hier bo teen die kranse, gaan plak hulle in die kruin van 'n boom neer. Dit is nou dáár waar die Swart Luiperd hulle een na die ander met die pyl en boog omkap.

Al wat hy opgedoen het, is 'n paar venynige skrape oor sy arms want minstens twee van die arende was so manhaftig dat hy hulle met die hand moes vasgryp en hulle nekke breek. Uitgeput en dankbaar aanskou hy die slagting wat hy onder die bergarende aangerig het. Nadat hy 'n rukkie gerus het, begin hy weer klim. Van die oorblywende arende kom hom nog pla maar hy weer hulle af en toe hy na 'n lang klim met lam spiere en jagende asem weer op





'n terras afkom, weet hy dat dit nou die einde van die reis is. Met 'n paar verwoede hale van die klimopwortel verjaag hy die paar aanvallers wat nog ewe manhaftig hier voor die kranse draai. En toe hy eindelik kan omdraai, sien hy 'n vlak spelonk in die regop krans.

En in die spelonk sien hy iets wat hom na sy asem laat snak.

Dit is 'n mens wat daar lê. Dit is 'n man. En daardie man lyk asof hy in 'n bloedbad gedoop is. . .